Cambridge IGCSE

**Cambridge Assessment International Education**
Cambridge International General Certificate of Secondary Education

| | |
|---|---|
| CANDIDATE NAME | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| CENTRE NUMBER | | CANDIDATE NUMBER | |

*6549475164*

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**

Paper 1 Reading and Writing **October/November 2019**

**2 hours**

Candidates answer on the Question Paper.

No Additional Materials are required.

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name in the spaces at the top of this page.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, glue or correction fluid.
DO **NOT** WRITE IN ANY BARCODES.

Answer **all** questions in the spaces provided.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam in die blokkies boaan hierdie bladsy.
Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, gom of vloeibare uitwisser gebruik nie.
**MOENIE** OP ENIGE STREPIESKODES SKRYF **NIE**.

Beantwoord **al** die vrae in die ruimtes wat daarvoor verskaf is.

Maak aan die einde van die eksamen seker dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

This document consists of **17** printed pages and **3** blank pages.

DC (KN) 185880
© UCLES 2019

Cambridge Assessment International Education



https://xtremepape.rs/

**Oefening 1**

Lees die inligting oor bedreigde diere in Suid-Afrika. Beantwoord daarna die vrae wat volg.

## Suid-Afrikaanse diere op die Rooidatalys

Die internasionale Rooidatalys wys in vyf kategorieë of diere se toekoms in gevaar is of nie.

Die vyf kategorieë is:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kritiek bedreig** | **Bedreig** | **Kwesbaar** | **Byna bedreig** | **Minste kommer** |

Die status van 'n paar Suid-Afrikaanse diere op die Rooidatalys is soos volg:




**Leeu:** In Suid-Afrika word goeie werk gedoen om leeus te bewaar en hulle getalle het vermeerder. Hulle status is egter "kwesbaar" omdat leeus in ander gebiede minder word. Die handel in leeubene in Asië het leeugetalle in Oos-Afrika verminder.

**Renoster:** Witrenosters en swartrenosters se status het dieselfde gebly. Witrenosters se status is vanaf 2002 "byna bedreig". Swartrenosters se status is vanaf 1996 "kritiek bedreig".

**Clanwilliam-sandvis:** Hierdie sandvis is nou "kritiek bedreig" nadat hy voorheen net "bedreig" was. Dit kom in riviere in die Wes-Kaap voor. Die sandvis word uit sy habitat gedruk deur tilapia, 'n ander varswatervis waarvan die getalle baie groei.

**Kleinotter:** Die kleinotter se status het van "minste kommer" tot "byna bedreig" verander. Die getal kleinotters word minder omdat besoedeling hulle habitat bedreig. Hulle kom in riviere en damme voor. Mense sien otters ook as kompetisie vir kos soos vis.

**Groototter:** Die groototter se status is nou ook "byna bedreig" nadat dit voorheen "minste kommer" was. Die getal groototters, wat meestal in varswater voorkom, word minder omdat hulle habitat deur besoedeling bedreig word. Mense sien hulle ook as kompetisie vir kos.

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| Leeu | Renoster | Sandvis | Otter |

(Uit: *Die Burger*, 24 Junie 2015)

© UCLES 2019


https://xtremepape.rs/

1 Watter liggaamsdeel van leeus is gewild in Asië?

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[1]

2 Vergelyk die leeugetalle in Suid-Afrika en Oos-Afrika deur die volgende sinne te voltooi:

In Suid-Afrika ........................................................................................................................

.......................................................................................................................................[1]

In Oos-Afrika ........................................................................................................................

.......................................................................................................................................[1]

3 Hoe weet ons dat swartrenosters in meer gevaar as witrenosters is?

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[2]

4 Hoe het die Clanwilliam-sandvis “kritiek bedreig” geraak?

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[1]

5 Noem **twee** goed wat ’n gevaar vir albei soorte otters is.

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[2]

[Totaal: 8]



https://xtremepape.rs/

**Oefening 2**

’n Reistydskrif wil inligting insamel oor die soort vakansies waarvan tieners hou. Lees die inligting oor Mark Visser en vul die res van die vorm wat volg, in.

Mark Visser is op 18 Julie 2003 gebore. Hy woon saam met sy ma in Blomstraat 21, Humansdorp, 6030. Sy selfoonnommer is 079 231 6765. Mark se e-posadres is markvisser@gmail.com. Elke tweede naweek gaan Mark na sy pa in Kaap St. Francis. Sy pa se adres is Proteaweg 17, Kaap St. Francis, 6313.

Mark is in graad 10 aan die Hoërskool Humansdorp. Sy skool se adres is Algoastraat 10, Humansdorp, 6030.

Toe Mark klein was, het hy en sy ouers graag tydens vakansies na wildtuine gegaan. Hy onthou wonderlike vakansies in die Krugerwildtuin en die Addo-olifantpark. Vandat sy ouers geskei is, gaan hulle drie nie meer saam met vakansie nie.

Wanneer Mark en sy ma saam weggaan, pak hulle haar viertrekmotor en ry na ’n kampeerterrein. Dan slaan hulle ’n tent op en bring ’n paar dae daar deur. Mark se ma is dol oor voëlkyk, maar Mark is op sy gelukkigste wanneer hy ou San-rotstekeninge kan gaan soek en foto’s neem. Mark gaan ook graag op kampeervakansies saam met sy twee beste maats.

Mark vlieg saam met sy pa na stede soos Kaapstad, Durban en Johannesburg, waar hulle dan ’n motor huur en rondry. Sy pa is dol oor goeie restaurantkos. Mark geniet dit ook, maar hy verkies ’n braai onder die sterre, soos wanneer hy kampeer.

Mark hoop om binnekort na die Sederberge te gaan, waar hy kan kampeer en na hartelus foto’s van San-tekeninge kan neem.

© UCLES 2019



https://xtremepape.rs/

6

**Tieners en vakansies**

Opname

*Vul asseblief die vorm in.*

Naam: Mark Visser

Naam van skool: Hoërskool Humansdorp ...... Graad: ..........

Persoonlike besonderhede:

- Geboortedatum: ..........
- Adres: .........., Humansdorp, 6030
- Telefoonnommer: 079 231 6765
- E-posadres: markvisser@gmail.com

Maak 'n regmerkie by die gepaste opsie(s) en vul die nodige inligting in:

- Saam met wie gaan jy met vakansie?

  Ma/Pa ☑ Ander: ..........

- Watter soort vervoer gebruik jy wanneer jy met vakansie is?

  Boot ☐ Bus ☐ Motor ☑ Trein ☐ Vliegtuig ☐

- Watter soort kos verkies jy wanneer jy met vakansie is?

  Wegneemkos ☐ Restaurantkos ☐ Ander: ..........

- Watter soort vakansie geniet jy die meeste?

  ..........

- Wat doen jy graag wanneer jy met vakansie is?

  ..........

  ..........

- As jy 'n vakansie kon wen, watter een sal jy verkies?

  by die see ☐ in 'n stad ☐

  in 'n wildtuin ☐ in die berge ☐

[9]

[Totaal: 9]



https://xtremepape.rs/

**Oefening 3**

Lees die teks oor plaaswerk in Amerika en voltooi dan die aantekeninge wat volg.

## Plaaswerk in Amerika

Om op ’n plaas oorsee te gaan werk, kan baie interessant wees. Dit betaal ook goed. Suid-Afrikaners wat hierdie soort werk wil gaan doen, is gewoonlik hardwerkend en nie bang om lang ure te werk nie. En flukse werkers word vir baie verskillende soorte plaaswerk gesoek.

In Amerika het veral graan-, vee-, vark- en melkboere goeie werk vir seisoenwerkers. Byeboere het ook dikwels werkers nodig. Vir mense wat vir ’n seisoen plaaswerk wil gaan doen, is daar ook ander werk wat met plaaswerk te doen het, soos om vragmotors te bestuur wat plaasprodukte vervoer.

Een van die bestuurders van die Overseas Visitors Club (OVC) sê dit is nou relatief maklik vir Suid-Afrikaners om in Amerika op plase te gaan werk. “Dit is nou ook goedkoper as in die verlede om werk daar te kry. As jy op ’n plaas in Amerika wil gaan werk, identifiseer ons by die OVC moontlike werk en ons hanteer die aansoek gratis. Jy hoef geen registrasiegeld soos voorheen te betaal nie. Enigeen met ’n Suid-Afrikaanse paspoort kan aansoek doen. Jy betaal net vir jou vliegtuigkaartjie, visum en reisversekering.

“Jy moet tussen 15 en 50 jaar oud wees, maar verkieslik ouer as 21 en jonger as 35. Jy moet ook in plaaswerk belangstel. As jy ervaring van plaaswerk het, sal dit jou kanse om werk te kry baie beter maak, veral as jy weet hoe om duur en gesofistikeerde plaastoerusting te gebruik.

“Dit help ook as jy ’n kwalifikasie van een van Suid-Afrika se landbouskole het. Dit is egter nie ’n vereiste nie en praktiese werkservaring sal genoeg wees om jou aansoek suksesvol te maak.”

In Amerika word tydelike werkers vir ’n seisoen aangestel. Die meeste plaashulp word tussen Maart en Junie benodig. ’n Volle seisoen duur gewoonlik tussen ses en tien maande, afhangend van die persoon vir wie jy werk, waar die plaas is en watter soort boerdery dit is. Een van die bestuurders van Werk Oorsee vertel dat hulle mense wat oorsee op plase gaan werk, vooraf baie goed inlig oor wat op hulle wag.

“Die inligtingsessie voor jy vertrek berei jou voor op jou vlug en die omgewing waarin jy gaan werk. Jou ouers word ook gevra om die sessie by te woon sodat hulle weet wat om te verwag. Nadat jy begin werk het, help ons as daar iets tussen jou en jou werkgewer verkeerd gaan.

“In Amerika mag jy net werk vir die maatskappy wat in jou visum en kontrak genoem word. Wanneer jou kontrak klaar is, moet jy na Suid-Afrika terugkeer.

“As gevolg van die harde werk en lang ure moet jy fiks en ook baie gesond wees as jy wil aansoek doen om plaaswerk oorsee te gaan doen. Alle aansoekers moet ook dwelmtoetse ondergaan voordat enige aanstelling gemaak word. Die Amerikaanse werkgewers verdra geen gebruik van enige soort dwelm by die werkplek nie. Jou voorkoms moet ook netjies wees – geen lang hare, snorre, baarde of wilde haarstyle nie,” sê Werk Oorsee se bestuurder.

Die OVC-bestuurder beklemtoon dat jou visumvoorwaardes baie belangrik is. “Sodra jou visum verval, moet jy onmiddellik huis toe gaan, behalwe as jy reeds ’n volgende kontrak het. As jy nie van jou werk hou nie en wil ophou, verval jou visum en moet jy huis toe gaan.”

As jy ’n bietjie ervaring van plaaswerk het en lus is vir avontuur, is dit nou ’n goeie tyd om plaaswerk in Amerika te gaan doen. ’n Betaling van $10 tot $17 per uur is nie ’n slegte inkomste nie.

(Uit: *Jip, Die Burger*, 30 November 2015)

© UCLES 2019



https://xtremepape.rs/

Jy gaan ’n praatjie oor plaaswerk in Amerika in die klas lewer. Maak **drie kort** aantekeninge onder elke opskrif waarop jy jou praatjie kan baseer. Die eerste aantekening is vir jou gemaak.

**7** Dinge waarvoor jy self moet betaal as jy plaaswerk in Amerika wil gaan doen:

- vliegtuigkaartjie
- ....................................................................................................................................
- ....................................................................................................................................

**8** Maniere waarop organisasies mense help wat in Amerika wil gaan werk:

- ....................................................................................................................................
- ....................................................................................................................................
- ....................................................................................................................................

**9** Dinge wat jou sal help om plaaswerk in Amerika te kry:

- ....................................................................................................................................
- ....................................................................................................................................
- ....................................................................................................................................

[Totaal: 8]



https://xtremepape.rs/

**Oefening 4**

**10** Gebruik die teks oor plaaswerk in Amerika en skryf 'n opsomming van **vereistes waaraan mense moet voldoen as hulle plaaswerk in Amerika wil doen**. Jy kan van jou aantekeninge uit Oefening 3 in hierdie opsomming gebruik.

Jou opsomming moet **een paragraaf** lank wees en nie meer as **80 woorde** nie. Gebruik sover moontlik jou eie woorde.

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................[5]

[Totaal: 5]

© UCLES 2019



https://xtremepape.rs/

**BLAAI OM VIR OEFENING 5**



https://xtremepape.rs/

**Oefening 5**

**11** Jy was dié week op ’n skooluitstappie wat jy baie geniet het. Jou beste maat was in die hospitaal en kon nie saamgaan nie. Skryf ’n brief waarin jy jou maat van die uitstappie vertel.

Jou brief moet omtrent **150 tot 200** woorde lank wees.

Onthou om die volgende te noem:

- vir wie die uitstappie was en wie dit georganiseer het
- wanneer en waarheen die uitstappie was
- waarom jy die uitstappie so geniet het.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou brief en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

....................................................................................................................................................

© UCLES 2019


https://xtremepape.rs/

[15]

[Totaal: 15]



https://xtremepape.rs/

**Oefening 6**

Lees die volgende teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

## Hemelbesem

Die *rapper* of kletsrymer en hip-hop-kunstenaar Hemelbesem se regte naam is Simon Witbooi. As jy hom een maal in aksie gehoor het, is jy altyd 'n aanhanger. Hy vertel stories in musiekvorm. Sy musiek is kragtig en hy gebruik Afrikaans briljant.

**Waar kom jy oorspronklik vandaan?**
Ek is op Vredendal gebore en is 'n trotse Namakwalander, 'n trotse Witbooi en 'n direkte afstammeling van die legendariese kaptein Hendrik Witbooi, wat in die negentiende eeu 'n politieke leier in Namibië was. Toe ek klein was, het ons egter baie rondgetrek. Ek het 'n groot deel van my kinderdae in Kaapstad deurgebring. My beste herinneringe kom uit my jare by Hoërskool Blackheath. Na skool het ek elf jaar lank op Worcester gewoon en ek is nog baie lief vir die Boland en sy mense.

**Waar kom jou liefde vir musiek vandaan?**
Musiek was 'n konstante deel van my kinderdae. Ek het vroeg al 'n oor vir musiek ontwikkel. In ons huisie het ons altyd die stemme van sangers soos Anneli van Rooyen, Lucky Dube, Cathy Viljoen, Don Williams en Sonja Herholdt gehoor. Dit het gehelp om my passie vir musiek te verdiep. My liefde vir hip-hop het eers 'n bietjie later gekom. Ek het hip-hop in my laat laerskooljare leer ken en ek was eerstens beïndruk met hoe eerlik en direk dit is. Dalk het ek ook hip-hop begin geniet omdat ek, na my mening, nie kan sing nie. Maar al kon ek ook goed sing, gee hip-hop vir my geleentheid om my gedagtes en gevoelens goed uit te druk.

**Waar het jy geleer om taal so kreatief te gebruik?**
Namakwalanders hou daarvan om kreatief te praat en om nuwe idiome op te maak. Hierdie nuwe idiome word dan gou deel van die taal. Die skeppende gebruik van Afrikaans is dus in my bloed. Dan was my pa ook 'n skrynwerker en toe ek 'n kind was, het baie van sy kollegas dikwels by ons in die huis gebly. Hulle was soms van verskillende agtergronde. In so 'n mengelmoes het die snaaksste sêgoed soms ontstaan en ek het alles soos 'n spons ingeneem. Toe ek 'n paar jaar gelede by my ouma se begrafnis oor haar moes praat, het ek skielik besef watter groot rol sy met haar eindelose rympies en stories in my lewe gespeel het en in die liefde wat ek vandag vir rym het. Ek het sommer my toespraak opgefrommel en daar by die begrafnis oor my ouma gerap!

**Hoe reageer mense daarop dat jy in Afrikaans kletsrym?**
Afrikaanse kletsrym en Afrikaanse rock doen besonderse werk onder die jong mense. Kinders kom dikwels na my en sê: "Noudat ek na jou geluister het, gaan ek ook Afrikaans meer gebruik en my ding in Afrikaans doen." Hip-hop kan in alle tale gedoen word. Mense hoor maklik talent en passie, al verstaan hulle nie jou taal nie. As jy dit goed kan doen, kry jy applous. Dit maak nie saak watter taal jy gebruik nie. 'n Paar jaar gelede toe ek in Nederland was, het ek besef dat Afrikaans internasionaal aanvaar word as 'n taal wat mooi klink. My Afrikaanse kletsrym is in die grootste konsertsale toegejuig. In Den Haag het ek dit reggekry om 'n gehoor van amper tienduisend mense saam met my te laat skree: "Ek herrit, merrit gebore!" (Ek het dit, met dit gebore!) Mense is dol oor kletsrym as dit reg gedoen word.

**Het jy enige gunstelingwoorde?**
Ek het nie regtig gunstelingwoorde nie, maar is verslaaf aan mooi beeldspraak en unieke uitdrukkings. As ek sulke goed raaklees of hoor, kry ek hoendervleis.

(Uit: *Rooi Rose*, Augustus 2014)

© UCLES 2019


https://xtremepape.rs/

**12** Waarom is Simon trots op sy van?

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................[1]

**13** Hoe het Simon se ouers gehelp om hom lief vir musiek te maak?

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................[1]

**14** Noem **twee** redes waarom Simon van hip-hop-musiek hou.

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................[2]

**15** Op watter manier gebruik Namakwalanders taal skeppend?

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................[1]

**16** Verduidelik die rol wat Simon se ouma in sy lewe gespeel het.

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................[2]

**17** Watter invloed het Simon op jong mense?

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................[1]

**18** Waarom kan mense hip-hop geniet selfs al verstaan hulle nie die taal waarin dit gedoen word nie?

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................[1]

**19** Hoe weet ons dat die Nederlanders positief op Simon gereageer het?

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................[1]

[Totaal: 10]

© UCLES 2019


https://xtremepape.rs/

**Oefening 7**

**20** Lees die volgende uitsprake oor skooluniforms:

> "Skooluniforms help ons om almal gelyk te wees."
>
> "Sonder skooluniforms kan leerders meer hulleself wees."
>
> "Skooluniforms is baie prakties."
>
> "Skooluniforms is outyds."
>
> "Omdat ek 'n skooluniform dra, hoef ek nie elke dag te dink aan watter klere ek moet dra nie."
>
> "Gewone klere is baie gemakliker as 'n skooluniform."

Skryf 'n artikel vir die skoolkoerant waarin jy jou mening oor die dra van skooluniforms bespreek.

Jou artikel moet ongeveer **200 tot 250** woorde lank wees.

Jy kan van die idees hierbo gebruik, maar moet ook jou eie idees byvoeg. Dit is belangrik dat jy jou mening goed verduidelik.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou artikel en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

© UCLES 2019


https://xtremepape.rs/

© UCLES 2019

https://xtremepape.rs/

https://xtremepape.rs/

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

............................................................................................................................................[15]

[Totaal: 15]

© UCLES 2019


https://xtremepape.rs/

BLANK PAGE



https://xtremepape.rs/

**BLANK PAGE**

© UCLES 2019


https://xtremepape.rs/

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.



https://xtremepape.rs/